

Ds. A. W. C. Bester  
Vredendal Wes  
13 Maart 1977

Onderwerp: Jou sonde affekteer ander

Lees: Josua 7 verse 1 tot 26

Teks: Josua 7 vers 1

Sing: Psalm 119 verse 28 en 32  
Gesang 125 verse 2 en 5

“Maar die kinders van Israel het hulle vergryp aan die bangoed; want Agan, die seun van Karmi, die seun van Sabdi, die seun van Serag, van die stam van Juda, het van die bangoed geneem, sodat die toorn van die HERE ontvlam het teen die kinders van Israel.’ (Jos 7:1)

“God het die hele Israel verantwoordelik gehou vir die vergryp van een man, omdat daar ’n verbintenis was tussen Agan en Israel, tussen die individu en die gemeenskap. Agan en Israel was van een bloed, maar ook een in die sonde. Agan se sonde was ook Israel se sonde.

“Ja, dit is so. Die kinders van Israel het oortree, maar die oortreding van ’n gemeenskap of ’n volk het altyd ’n persoon as oorsaak. Dit word altyd gedra, gewil, bedryf deur ’n bepaalde persoon. Agter ’n volk se sonde is daar altyd ’n ‘ek’ en ’n ‘iemand’ wat aanspreeklik is. ’n Agan wat sy hand uitsteek en neem.

“Agan beteken iets soos: verwarder, deurmekaarkrapper, iemand wat ’n saak bederf en in die ongeluk stort. Só het die een man, Agan, sy huis, sy familie, sy stam en sy volk verwar en almal in die ongeluk gestort.

“Dit is soos ons liggame. Dit is blootgestel aan ontelbare geleenthede om besmet te word of om infeksie op te doen. Ons liggame word van alle kante aangeval. Maar die dodelike kiem dring die een sel binne wat die swakste is, wat nie voldoende weerstand kan bied nie. Die ketting is so sterk soos die swakste skakel. En dít was Agan in die liggaam of ketting van sy volksgemeenskap. Hy was die aanvegbare sel, die swak skakel.

“Agan was innerlik sleg en verrot. Hy het geneem wat hy nie moes nie. In die hele liggaam van Israel was hy die swak sel, wat vir die Satan ‘ja’ gesê het. Hy het oortree en daarmee die ketting gebreek. Omdat Agan

geneem het, het al die kinders van Israel skuldig geword dat hulle hul vergryp het en gesondig het. Só beslis die individu oor die gemeenskap. Dit is dan die verskriklike kant van die sonde wat in hierdie geskiedenis so sterk onder ons aandag gebring word.

“Ons lewe en sondig nie as losstaande enkelinge nie. Dit is ’n leuen as mense dink dat hulle dae net hulself raak en geen effek op ander het nie. Niemand is in homself geïsoleer, sodat sy sonde net homself raak nie. Ons lewe in verbinding en samehang met mekaar in die maatskappy; en véél meer so in die liggaam van Jesus Christus. Sieklike plekke, swere en absesse sweef nie in die lug rond nie, maar sit altyd aan ’n liggaam. Die sonde wat ek doen, bring ek in my huis, in my gesin, in my vriendekring, my kerk, my land, my volk, in my tyd en in my wêreld. Elkeen van ons is ’n deur vir die gemeenskap of kerk van Jesus Christus waarvan ons lid is. ’n Deur waardeur ’n vloek of seën die gemeenskap of kerk binnekom.

“Ja, dit is die verskriklike kant van die sonde. So kan een lidmaat ’n hele gemeente besoedel; een kind ’n hele koshuis, een man of vrou ’n hele vriendekring. En dit terwyl daardie individu dink dat niemand weet van sy geheime verhouding met ’n ander vrou nie; en van sy sonde wat hy in die donker doen nie.

“Ek mag dink dat niemand weet van my suinigheid en my huigelary nie. Dat dit nét ek is wat weet en dat dit niemand anders raak nie. Maar dit is só nie. Elke geheime sonde van die enkeling vergiftig die ganse gemeenskap.

“Ja, ’n mens sou graag vir Agan daardie môre wou dopgehou het, toe die troepe van Israel soos verleë en geslane honde die kamp binne gekom het. Toe ses en dertig dooies begrawe is, maar nie Agan nie:

“Agan, sien jy die verslane leër? Sien jy die ses en dertig dooies? Hoor jy die huilende vrouens en kinders in die tente? Hulle begryp nie waarom dit so moet wees nie. Maar jý verstaan en begryp, nie waar nie? Dit is jóú skuld. Die ses en dertig dooies is op jou rekening. Dink na Agan. Jy weet mos wat alles in jou tent begrawe lê.

“Broers en Susters, laat ons dit beklemtoon. Wat het my sonde nie al om my tot gevolg gehad nie? Watter effek het dit nie al gehad op my huis, gemeenskap, kerk en volk nie? Hoeveel dooies lê op ons rekening? Hoeveel keer was ek nie die oorsaak van die vele mislukkings nie?

“Agan het sy volk in ellende gedompel. En Josua het magteloos gestaan met sy tien duisende gewapende vegters. Teen só ’n sonde kon hulle niks regkry nie. Dit was ’n stok in die wiel, wat die suiwerste kerk, die mooiste huwelik, die mooiste gesin op die rotse stuur.

“Broers en Susters, as ons maar net beseft hoe verskriklik so ’n individu se verrotting in die gebeente is. Een sondige Agan laat die toorn van God op ’n hele volk neerkom.

“En tog, hoe gelukkig was dit nie vir Israel dat dit voor die mure van Ai misgeloop het nie. Stel u voor, Ai het geval en dat die oorwinning Israel s’n was. Dan het hulle maar voortgegaan en voortgeleef met so ’n abses, so ’n kanker, in hulle midde. Hoe gelukkig dat u en ek soms die beproewings en teleurstellings in ons lewe ondervind. Hoe gelukkig dat dit soms nie goed gaan met my huis, besigheid en lewe nie. Dit is die rooi lig wat waarskuwend flits. Al moet dit soms hard en pynlik tot ons verstand gebring word: ses en dertig dooies. Daar was geen waardevoller môre vir Israel as toe hulle voor die poorte van Ai verslaan is nie. Want God kasty die seun en dogter wat Hy lief het.

“Die geleentheid om Ai te oorwin, was skynbaar uitstekend. Jerigo met sy magtige mure kon nie stand hou nie. Wat kon die seëvierende mag van Israel stuit? Oor Ai hoef hulle nie besorg te gewees het nie. En so het ’n klein Israelse taakmag opgetrek met vlieënde vaandels en trompetgeskal. Sonder die allerminste sorg en miskien ook nie met veel gebede nie. En in die laer van die Israeliete het die jongvroue lofliedere begin berei vir die terugkerende oorwinnaars. Dit sou binnekort opklink. Groot is die HERE.

“Só was dit in die oggend. En daardie middag, u weet al, was daar geen oorwinningslied nie. Die allerslegste wat van ’n leër gesê kan word, het gebeur. Hulle moes vlug en so het hulle verward en met ’n lang lys ongevallen die laer binnegekom.

“Wat was die oorsaak? Die oorsaak was die sonde. Die kinders van Israel het hulle vergryp. Hulle het gegryp wat hulle nie toegekom het nie. Hulle het gedoen wat verbode was en God se wet oortree. Hulle het die lyn oortree wat geluk van ellende, blydschap van droefheid, heiligheid van vuilheid, en die lewe van die dood skei.

“Broers en Susters, God het ’n skerp grens gestel met sy heilige gebooie. Pasop! Moet dit nie oortree nie! As jy dit oortree en jou wil teen God se wil versit, dan gaan dit vir jou totaal misluk by Ai. Dan loop alles

verkeerd in die kerk, die maatskappy, jou huwelik, jou gesin en in jou binneste.

“Ons kom so swaar tot die erkenning dat die mislukkings in ons maatskappy, huis, kerk en lewe, weens ons eie verkeerde optrede is. Listig gee ons die skuld aan allerlei oorsake en sien ons eie sonde oor die hoof. Nee, Broers en Susters, ons sonde is onherroeplik aan ons ellende gekoppel.

“As ’n mens so ver gekom het om die oorsaak van jou ellende raak te sien, is daar hoop. God het Israel by Ai geslaan, maar God het die volk daarmee na Hom teruggebring. En daarin lê die troos vir elkeen wat by Ai ’n neerlaag ondergaan. Die een wat siek is, moet na die geneesheer gaan. Gelukkig het Josua en die Israëliete dit so ingesien en nie maar oor hierdie neerlaag heengestap nie. Nee, Josua het sy klere geskeur, gerou en in die stof gekruip. Maar hy het méér gedoen as om net sy klere te skeur. Alleen dit sou hom nie ver gebring het nie. Nee, hy het op die grond geval voor die Ark van die Here en met sy sonde en die sonde van sy volk na die Here toe gegaan.

“Josua het nie ’n mooi klinkende gebed gebid nie. Daar is mense wat mooier as Josua kan bid. Hy het eintlik gehakkel en erken dat hy self nie geweet het wat om te sê nie: ‘Ag Here, wat sal ek sê’. (Jos 7:8) Daar het baie in hierdie gebed ontbreek, maar een ding het nie ontbreek nie. Sy gebroke en verslae gees was in sy gebed aanwesig. Dit was die gebed van die tollenaar. Dit het gehakkel en gesukkel, maar alles in hom het gebid. Sy siel het op die Here gewag. En behalwe dit, was Josua se pleitgrond reg: Ag Here, Here, U naam is daarmee gemoeid. (Jos 7:9)

“Ag Broers en Susters, as ons maar net met ons neerlae voor Ai aan die Naam van God sal vasgryp.

“Agan! Wie is nie ’n Agan nie? Ag Here, ons het gesondig, ek het gesondig en daarom staan ons kerk, gemeente, gesin en ek self vernederd en verslaan voor Ai. Maar ter wille van U grote Naam, laat u volk, u kerk, u gebroke kind tog nie ondergaan nie.

“Maar die troos word nóg duideliker. Daar was nog iemand wat soos Josua gebid het. Jesus Christus het gebid: ‘My God, my God, waarom het U My verlaat?’ (Mark 15:34) God het Jesus Christus verlaat, sodat ons nooit deur God verlaat sal word nie. En daarom het Josua, wat saligmaker beteken, hier voor die Ark van die Here gestaan. Hy was ’n onvolkome en swak verteenwoordiger van Jesus Christus, die Saligmaker.

Hy het net soos Jesus Christus ingetree vir mense wat vol berou was oor hulle neerlae.

“Ja waaragtig, een man kan vir baie sondig. Maar deur wonderlike genade, red een Man se verdienste en pleitrede baie: ’n hele Israel, ’n hele kerk, ’n hele huisgesin. Jesus Christus is die waaragtige Middelaar wat gedurig by die Vader vir ons intree en vir ons pleit.

“Ag Here. Ag Here.

“Amen.”